**Pas Ontvang :**
Drie-Stuk Pakke Klere van Gewaarborgde
**Engelse Palm Beach Materiaal**
**£7 - 15 - 0 ELK**
**Die Eikestadwinkel**
**(Edms.) Bpk.**
PLEINSTR., STELLENBOSCH

# DIE Matie

STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT. ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., en uitgegee deur die A.N.S.-Tak, Stellenbosch.

DEEL IV, No. 25. VRYDAG, 22 SEPTEMBER 1944 PRYS 1d.

**VILJOEN**
se fietswinkel sal u fiets weer repareer. Bring dit net.
*Dele is skaars maar ons doen nog ons bes.*
ONTHOU — in Pleinstraat
*Net langs Suikerbossie.*

UNIVERSITEIT BIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
21 MAR 1949
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY.

## Indiwiduele Gesondheid is Volksgesondheid

### Sosiale Aspek van Veneriese Siektes

### BOEIENDE LESING DEUR KAAPSE DESKUNDIGE

Vrydagaand, 15 September, het daar 'n vergadering van buitengewone belang vir alle studente voor 'n entoesiastiese gehoor in die C.S.V.-saal plaasgevind. Dr. O'Malley, kliniekhoof van Kaapstad en deskundige op die gebied van veneriese siektes, het 'n besonder helder en goeddeurdagte rede gevoer oor die sosiale aspek van hierdie volksgevaarlike siektegroep. Veral het hy beklemtoon dat geen verbetering op die huidige toestande — wat reeds 'n geweldige omvang aanneem — teweeggebring kan word sonder georganiseerde optrede van die kant van Suid-Afrikaanse medici. Desnoods sal gesosialiseerde mediese dienste met volmag tot uitroeiing van hierdie siektes en propagandamiddels vir voorligting aan albei geslagte geëis moet word.

Spreker het as inleiding die toestande geskets wat nodig is vir die oordraging van die siektes, nl. eerstens, 'n besmette individu en tweedens kontak oor vogtige oppervlaktes met hierdie individu deur een wat onbesmet is. Sulke toestande word verwesenlik deur geslagtelike gemeenskap, soen of selfs, wat egter baie selde voorkom, deur aanraking met vogtige voorwerpe soos glase, pype, sigaretstompies, ens., wat kort vantevore deur 'n besmette persoon gebruik is.

#### SORGWEKKENDE OMVANG

Hierna het die spreker tot 'n statistiese bespreking oorgegaan om die dreigende omvang van veneriese siektes in Kaapstad aan te toon. Elke jaar word die klienieke alleen deur niks minder as 3,500 lydendes uit 'n totale bevolking van 340,000 besoek nie. En hierdie is maar 'n deel van die jaarlikse oes wat gemaai word want dit hou geen rekening met al die duisendes wat deur privaat praktisyns behandel word of geen behandeling geniet nie. Maar die sorgwekkendste van alles is die geweldige hoë persentasie besmettes (blankes alleen) in Kaapstad wat twintigmaal hoër is as in die stad Stockholm.

#### DIE OORSAKE

Wat is die toestande wat die verspreiding van die siekte in die hand werk? Gewoonlik is dit daardie toestande wat getuig van lae morele gedrag soos aangetref word in die agterbuurtes van nie alleen stede nie maar ook in kleiner dorpe soos Stellenbosch, waar 'n bevolking wat lae lone trek en min geriewe het saamgehok word in 'n heeltemal ondoeltreffende ruimte. Ook onsedelike lewenswyse in die algemeen, en prostitusie lewer 'n belangrike bydrae.

Die ekonomiese aspek van die siektes is veral beklemtoon en daar is op gewys hoeveel tyd (as gevolg van behandeling en bywoning van klinieke en hospitale) arbeid en geld elke jaar verlore gaan as gevolg daarvan.

As oplossing vir hierdie volksskadelike probleem het dr. O'Malley daarop gewys dat daar wel 'n moontlikheid is vir totale uitroeiing van die siektes. Onder die huidige toestande is dit egter buite die kwessie want ons is nog heeltemal te ongeorganiseerd. Daar is geen verpligting volgens wet om kennis te gee van die voorkoms van die siekte nie, wat die bestryding bemoeilik. Dan is die medici daarop uit om geld te maak uit die dienste wat hul lewer. In hul onderbewussyn verwelkom hul dus enige nuwe siektegeval. Om hierdie toestand die hoof te bied en werk te maak van die uitroeiing van die siektes is 'n gesosialiseerde mediese diens 'n vereiste. Propagandamiddels soos die rolprent en vergadering om voorligting te voorsien aan albei geslagte is noodsaaklik op 'n baie groot skaal.

### *U HELDEDAGPLIG!*

*Baie van u gaan gedurende die vakansie na verskeie dele van ons land. Onthou, dis nie net u plig om die plaaslike Heldedagviering op 10 Okt. met u volste vermoë te ondersteun nie; u moet optree as propagandiste vir die viering van Heldedag oor ons hele land soos nog nooit tevore geken is nie. Dit moet nie alleenlik 'n Heldedagviering wees nie; dit moet 'n HELDEDAG-VOLKSDEMONSTRASIE wees. Waar u ook al gaan, spoor almal aan tot georganiseerde feesviering en vertel van die modelviering wat verlede jaar op Stellenbosch gehou is en van die nog groter en indrukwekkender viering wat vanjaar hier sal plaasvind op Dinsdag, 10 Oktober.*

*DOEN U HELDEDAGPLIG!*

## Jonkershoek-visbroeiery Verrig Belangrike Dienste

### Navorsing i.v.m. Varswatervissoorte

### OPRIGTING VAN NUWE GERIEWE

In die skilderagtige omgewing van Jonkershoek is daar op die oomblik navorsings- sowel as roetinewerk aan die gang wat vir die land van groot waarde is. Hierdie nasionale diens word verrig in die Binnelandse Visbroeierye aldaar wat groot uitbreiding op die gebied van ons varswatervis-bedryf beoog. Noodsaaklike verbeterings is kort gelede aangebring om navorsingswerk op 'n hoër peil te bring en om die hoeveelheid uitgebroeide vissies wat hanteer word aansienlik te verhoog. Nie alleen word uitheemse visse uitgetoets nie maar ook inheemse soorte wat van ekonomiese waarde is. Aan die hoof van die visbroeiery staan die bekwame dr. Hey.

Hoewel die Jonkershoek visbroeiery nou eers tot sy reg begin kom deur sy ektensiewe skemas om die groot damme en riviere van die land met eetbare varswatervisse van allerlei soorte te voorsien, is die idee van visplanting in ons riviere reeds in 1867 uitgespreek. In 1892 het die idee werklikheid geword toe daar met die Jonkershoekstasie 'n begin gemaak is. Sedert daardie klein begin is baie vordering gemaak in die doeleindes waarvoor die broeiery daargestel is.

Met die voltooiing kort gelède van 'n ruim gebou wat 'n moderne akwarium, vismusium, biblioteek oor varswatervis, 'n uitstekend toegeruste navorsingslaboratorium en kontore insluit, is 'n groot mylpaal bereik op pad na meer doeltreffende verwesenliking van die doeleindes waarvoor die broeiery daargestel is. Daar is nog ses groot broeidamme op die terrein in aanbou. Hierdie vinnige uitbreiding binne so 'n kort tydperk dui daarop dat die visbroeiery op die vooraand van geweldige ontwikkeling staan.

#### VERSKEIE SOORTE

Voorheen is die stasie uitsluitlik gebruik vir die broei van forelle van verskillende soorte maar sedert 1939 is sake verbeter deur die invoer van Noordelike en Suidelike Swart Baars vanaf Amerika. Hierdie vissoorte is baie beter geskik vir meeste van ons riviere en kom weens die werksaamhede van die broeiery reeds in baie waters voor. Die teel van hierdie twee soorte asook van Bloukief Sonvisse, Tilapia en Tench is vandag die vernaamste werk van die broeiery.

#### VISPLANTING

Die beleid van die Binnelandse Dept. is om die ekonomiese waarde van ons binnelandse waters deur middel van visplanting te verhoog soos reeds op groot skaal in Duitsland en ander Europese lande gedoen is. Vis is 'n baie belangrike bron van eiwit — essensieel in menslike voeding — en visoeste uit plaasdamme kan vir boere 'n verhoogde inkomste besorg. Dit word dus beoog om alle publieke waterskemas van die Besproeiingsdepartement te voorsien, boere aan te moedig om plaasdamme met vis te beplant, veral soorte te versprei wat siektes uitroei en damme skoonhou.

#### INHEEMSE SOORTE

Inheemse visse geniet baie aandag by die visbroeiery weens die feit dat hul oor die algemeen beter vertoon onder Suid-Afrikaanse toestande as ingevoerde soorte. Die moeilikheid is egter dat so min van hul 'n hoë ekonomiese waarde het. O.a. is die Transvaalse kurper en die geelvis S.-A. visse wat bepaald 'n toekoms het. Die Vaalbankdam is reeds met hulle beplant. Tesame met die twee soorte word die grootbek, kleinbek en gevlekte baars in baie riviere en damme gelos.

Die hele Suid-Afrika word bedien met vissies vanaf die Jonkershoek-broeiery en die werk deur die inrigting gedoen is bepaald prysenswaardig. Dit is net jammer dat daar vir gevorderde studie in die biologiese wetenskappe nie meer gebruik gemaak word van die materiaal wat die visbroeiery tot beskikking stel nie.

### DIE MEDIESE ASPEK

In opvolging van die uiters interessante lesing oor die „Sosoiale Aspek van Veneriese siektes," sal dr. O'Malley na ons verneem vroeg in volgende kwartaal 'n vergadering onder beskerming van die Landbouwetenskaplike vereniging toespreek oor die **Mediese Aspek** van veneriese siektes. Ongelukkig sal gebrek aan tyd 'n volgende lesing oor die **Kliniese Aspek** waarskynlik nie moontlik maak nie.

*INSPAN, UITSPAN, ONTSPAN by die*
**UITSPAN**
*Melktert, Tuisgemaakte Pasteitjies, Koesisters, Pannekoek - - - -*
**Boeretroos na Boeresport.**

**DIE EIKE KAFÉ**
Onder persoonlike toesig van
(Mnr. en Mev. van Zyl)
SIGARETTE en TABAK
SJOKOLADE en GEBAK
VARS VRUGTE
en
GROENTE
LIGTE ETES ALLE URE!
In ruil vir u gewaardeerde ondersteuning waarborg ons u
*DIE BESTE DIENSTE*

**HALDENWANG**

●

HEERLIKE GEBAK—NET WAT U HART BEGEER

●

Kom besoek ons winkel in PLEINSTRAAT en probeer ons Koek, Tert, Vleispasteitjies en alles wat lekker is.

●

(Foon 135)

**APTEKERS**

Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan.

●

**JOERNING en SEUN**
(Eiens.) Bpk.
Hoek Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH.

**Die Plaza**
Foon 6813.

●

*Tarzan Triumphs*
JOHNNY WEISSMULLER
*Vrydag en Saterdag,*
*22 en 23 Sept.*
Matinee: Saterdag om 3 n.m.

*Goeie Raad!*

●

Daar kom 'n tyd in die lewe van elke mens dat hy iets netjies wil laat druk, al is dit net......
'n Visitekaartjie
'n Sirkulêr
'n Program
'n Bloemlesing
'n Geleerde Dissertasie
of wat ook. Kom reguit na ons. Onr raad is vry—ons werk word gewaarborg.
*Ons hele Staf is tot u diens!*
**Pro Ecclesia-Drukkery**
(Edms.) Bpk.
Pastoriestraat, Stellenbosch.

**DIE MATIE**

Alle Korrespondensie aan:
H. S. MARAIS,
HOOFREDAKTEUR,
Dagbreek.

Korrespondensie i.s. Inskrywings aan:
*Die Matie* Administrasie,
Posbus 28,
STELLENBOSCH.
Inskrywingsgeld 5/- per jaar.

Deel IV. 22 Sept. 1944. No. 25.

## WAT STAAN ONS VOLK VOOR DIE DEUR?

Te oordeel na berigte lyk dit asof die oorlog nie meer baie lank kan aanhou nie alhoewel 'n wending nie as onmoontlik beskou moet word nie. Die algemene gedagtes word egter meer gekonsentreer op binnelandse probleme en die heropbouperiode na die oorlog. Vanselfsprekend sal die ekonomiese krisis en veral die sosiale aspek daarvan kan verwag word binne 'n paar jaar wanneer elke bevolkingsgroep in 'n stryd gewikkel sal wees om sy plek in te neem in die permanente na-oorlogse maatskaplike struktuur van ons land. 'n Botsing waarin beginsels en praktiese probleme teen mekaar opgeweeg sal moet word op baie gebiede en deur alle seksies is dus noual te voorsien.

As ons nou die argument verder voer en die Afrikaner se aandeel in hierdie stryd in oënskou neem, dan moet ons die volgende onthou: In die verlede was die Afrikaner in 'n stryd gewikkel waar hy vir sy nasionale erfenisse geveg het. Dit was dus 'n stryd waarin hy sy nasionale erfenisse teen die imperialisme van die Engelsgesinde bevolkingsdeel moes handhaaf. Hierdie stryd het die Afrikaner dan ook gewen.

Met die oorlog ontstaan egter ekonomiese probleme wat voorheen nog nie so prominent beklemtoon is nie, maar wat vandag sterker op die voorgrond tree deur die eise van kleurlinge, naturelle, arbeidersgroepe, ens. Dit sal nog groter afmetings aanneem as duisende soldate terugkom en addisionele eise stel juis in tye wanneer die ekonomiese winter intree. Hierdie probleme gaan 'n botsing teweegbring waarin die Afrikaner 'n verbete stryd sal moet aanknoop om by die herorganisering van die ekonomiese struktuur sy tradisies en beginsels gehandhaaf te kry. Die maklikste weg sal wel die van die liberalisme wees om nl. beginsels opsy te skuif en die ekonomiese posisie so gou as moontlik te bestendig. Hierin juis lê die gevaar.

Die eerste vraag is nou: Hoe sterk is die Afrikaner innerlik om die stryd aan te pak? Met die vraag wil ons graag weet hoe vasberade elke indiwidu is, in hoeverre weet hy wat die beginsels is waarvoor hy moet veg, tot hoe 'n mate is hy ingelig oor sy volk se strewe en sy eie verantwoordelike plig, hoe sterk is sy karakter vir die stryd, hoe offervaardig, selfloos en fanaties gaan hy veg, hoe besiel is hy met 'n nasionale ideaal? As ons op hierdie vrae *positief* vir elke Afrikaner kan antwoord dan sê ons: Opsaal Boere! Knoop die stryd aan!

Ongelukkig is ons met huiwering vervul as ons die volksterrein waarneem en nog meer as ons die studenteterrein beskou. Honderde studente stel alleen belang in dinge waar plesier by betrokke is en behandel sake van nasionale belang met 'n gees van belangeloosheid en verveling terwyl die bioskoop deur man en muis besoek word. Hier veral besef ons studente nie dat op 'n subtiele wyse die volksvreemde gedagtes gestel word op 'n wyse waardeur simpatie opgewek word vir die gevare wat dreig nie. Die weerstand teen kommunisme word b.v. tot so 'n mate gebreek dat talle studente vandag al bereid is om baie aspekte van kommunisme te verdedig. Die eerste stadium in die denasionaliseringsproses is aldus reeds bereik.

Hierdie gevare kan alleen beveg word as ons ons verantwoordelikheid besef in die stryd wat voorlê en elke persoon homself bekwaam vir die geveg. Deur meer belang te stel in en meer te lees oor die nasionale karakter van ons volk, sal ons die nodige agtergrond kry om ons af te rig vir wat ons wag.

# Die Oorlog

## Die Oorlog en sy Nasleep

*„De Waereldgeschiedenis is 't*
*Waereldgericht,*
*Vergelding, de wet der Historie."*
*— Ten Kate.*

### Deur Prof. J. A. Wiid

Daar is in die laaste artikel op die waarskynlikheid gewys dat die sesde oorlogswinter aan die volke en regerings van Europa besonder hoë eise gaan stel. Die diepgaande ontwrigtings van die oorlog sal veral gedurende die komende winter die besettings of bevrydingsmagte voor moelike vraagstukke stel. Hierdie vraagstukke sal hul oorsprong hoofsaaklik in die hongerende en bibberende bevolkings van die Europese stede vind. Dit sal ooroptimisties wees om te verwag dat hierdie bevolkings genoegsame voedsel- en steenkoolvoorrade uit Amerika en Brittanje sal ontvang. Hierdie twee „bevryders" sit self opgeskeep met steenkoolvraagstukke; en wat die voedselvoorsiening betref, het die Brit sy lyfband al so nou getrek, dat van hom in elk geval nie groot kosvoorrade verwag kan word nie. Die huidige voedselvoorsiening in Suid-Afrika, 'n oorskotland, met al sy beheerrade, swart markte, woekerwinste en spekulante van allerlei slag, mag 'n floue denkbeeld gee van toestande in die „bevryde" Europese lande wat soveel nader aan die wêreldbrand sit en wat reeds die vreeslikhede van vyf jaar van oorlog aan eie lyf gevoel het en nog voel.

### CHAOS EN ANARGISME?

Onder hierdie omstandighede is dit glad nie uitgeslote dat die hongerende en bibberende stedelinge in Wes-Europa, d.w.s. die oorgrote meerderheid van die bevolkings, op die vooraand van chaos en anargisme staan nie. Die vloedgolf van werkeloosheid, as gevolg van die ontwrigting wat die oorlog ook op nywerheidsgebied veroorsaak het, kan nie anders as chaotiese en anargistiese toestande in die hand werk nie al sou 'n deel van die arbeidslose elemente ook vir heropbouwerk aangewend word.

Die vraag mag dus gestel word: Wat gaan die hongerende, bibberende en arbeidslose elemente in Italië, Frankryk en België se houding wees? Sal die drie sogenaamde „demokratiese vryhede" van vrees, spraak en godsdiens hul tevrede stel as hulle honger en koue moet ly en arbeidsloos moet wees? Sal hulle troos vind in die „demokratiese vryhede" van 'n Roosevelt en Churchill wat selfs in vredestye nie daarin geslaag het om gebrek en leed van miljoene van hul eie arbeidslose onderdane weg te hou nie? Of sal hierdie elemente troos soek in die kommunistiese leerstellings van 'n Marx en 'n Lenin waarvolgens eiendom diefstal en godsdiens opium vir die massas is?

### OF KOMMUNISME?

Niemand sal dit kan betwis dat mense wat honger en gebrek ly die vatbaarste is vir revolusionêre idees. Dit was honger wat aan die groot Franse revolusie sy radikale wending gegee het. Dit was honger en gebrek wat revolusionêre idees na die laaste wêreldoorlog so welig laat groei het in Sentraal-Europa en veral in Rusland. Op die oomblik lyk dit of veral Wes-Europa die vrugbare bodem vir revolusionêre idees gaan wees. Net so min soos die revolusionêre idees van die Franse revolusie tot Frankryk beperk gebly het, net so min gaan die revolusionêre idees van vandag tot Europa beperk bly. In 'n totale alles-ontwrigtende wêreldoorlog sal dit nie help om Maginot- en Siegfriedlinies teen revolusionêre idees op te rig nie. Selfs die Britse Kanaal en die Atlantiese Oseaan kan hierdie idees nie keer nie.

Die revolusionêre idees wat ek hier in gedagte het is nie dié van Nasionaal-Sosialisme of enige ander vorm van Sosialisme nie, ook nie dié van die salon-kommuniste nie, maar die revolusionêre idees van die realistiese en radikale kommunisme soos hy in Rusland praktiese toepassing gevind het.

Die gebeurtenisse in die „bevryde" lande spreek reeds 'n duidelike taal. Dit is nie die vier „demokratiese vryhede" van Roosevelt en Churchill wat geesdrif onder die massas van Frankryk, Italië en België gaan wek nie, maar die Rooi vlag en die Hamer en Sekel van Moskou. Die geteisterde wêreld, die man en vrou wat hul alles in die oorlog verloor het, wil iets nuuts hê, iets wat volgens hul mening alleen kommunisme kan bied. Vir die massas wat gebrek en leed aan eie lyf voel, besit die ou troostwoorde van die vier „demokratiese vryhede" wat uit die sogenaamde kapitalistiese demokrasië kom, geen inspirasie nie. Hierdie nuus is te oud en in die voor-oorlogse wêreld het hulle dit te goed geken. Die massas gaan aan kommunisme 'n kans gee.

Dit is dus geen wonder dat voerende persoonlikhede in die Westerse wêreld onrustig begin word nie. Tydens sy jongste besoek aan Italië het Churchill 'n redevoering aan die Italiaanse volk gerig wat 'n onmiskenbare waarskuwing teen kommunisme bevat. Ook die Pous het in hierdie rigting gepraat toe hy onlangs die onskendbaarheid van private besit beklemtoon het. As die Londense Times reg het dan gaan die Pous eersdaags weer 'n toespraak oor kommunisme hou.

Wat die waarskynlikheid van 'n kommunistiese revolusie des te groter maak is die feit dat dit aan 'n seëvierende en magtige Rusland gekoppel word. Die volgende keer meer hieroor.

## OP DIE KANSEL

### 24 September

MOEDERKERK:
Oggend: Dr. Snyman.
Aand: (Geen diens).

NUWEKERK:
Oggend: (Geen diens).
Aand: Prop. F. G. M. du Toit.

HET U AL „WAPENSKOU" GEKOOP?

**Rook Springbok-Sigarette**

## Nie-blanke Word Lid van V.S.R van U.K.

Met die jongste verkiesing van die Verteenwoordigende Studenteraad van U.K. het 'n nie-blanke lid geword van die V.S.R. Dit is die eerste keer sedert die ontstaan van die V.S.R. dat dit gebeur. Die nie-blanke lid is R. A. A. R. Lawrence wat in Mei tydelik as mediese student geskors is omdat hy 'n kliniese klas vir mediese studente in die Grootte Schuur hospitaal bygewoon het terwyl 'n blanke pasiënt behandel is. Genoemde skorsing het destyds groot opspraak en opskudding verwek onder sekere seksies van die Kaapstadse studentegemeenskap.

Lawrence het 222 stemme gekry en daarmee die sewende plek verwerf onder die tien nuutgekose lede van die V.S.R.

Met die oog op die mosies in verband met nie-blankes wat 'n tydjie gelede deur die aftredende V.S.R. aangeneem is, en waarvan reeds vroeër in *Die Matie* melding gemaak is, is die jongste verwikkeling baie interessant, en 'n mens kan net wonder wat die effek daarvan sal wees.

## JAN PIEREWIET WEER OP TOER.

Die Jan Pierewiet-geselskap, die studentegroepie wat nou reeds soveel bekendheid verwerf het dat die naam alleenlik 'n genoegsame aanbeveling vir enige poging van hulle is, gaan weer gedurende September-vakansie op toer deur die Boland. Soos gewoonlik word 'n baie aantreklike keurkonsert van volksdansies, koorsang en volksliedjies aangebied.

Die eerste konsert word vanaand op Ceres gehou en verder sal Robertson, Worcester (hier word twee konserte gehou), Paarl en Wellington besoek word. Die toer word afgesluit met 'n konsert op Franschhoek op 30 September.

Die fondse wat ingesamel word gaan ten behoewe van die Langenhoven gedenksaalfonds.

## Mnr. Van Harencarspel †

### 'n Tragiese Einde van 'n Tragiese Figuur

Met die heengaan van mnr. Van Harencarspel het daar 'n tragiese figuur uit die Stellenbosse samelewing verdwyn.

As kandidaat in die Theologie 34 jaar gelede om gesondheidsredes uit Nederland na Suid-Afrika gekom, het hy hom van die begin af op Stellenbosch gevestig. Moontlik weens sy sonderlike persoonlikheid, temperament en opvatting het dit hom nie geluk om in een van die Hollandse kerke gelegitimeer te word nie en na 'n kort tydjie onderwys te gee in die Vrystaat, het hy weer na Stellenbosch teruggekeer.

Met 'n grondige opleiding aan 'n paar Hollandse universiteite het hy hom steeds in allerlei akademiese kwessies geïnteresseer en dikwels voor 'n studentegehoor opgetree.

Na die lig wat hy gehad het, het hy steeds getuig vir sy christelike opvattinge op verskillende gebiede, veral teen drankmisbruik en vir die belange van die gekleurde bevolking. Ook het hy 'n tyd lank die kleurling-gemeente te Pniël bedien.

Dit is nie onwaarskynlik nie dat die verskrikkinge van die oorlog en die ramp wat Nelerland getref het op sy gevoelige gemoed storend ingewerk het en sy tragiese einde meegebring het.

Baie studente wat met hom in aanraking gekom het, sal hom in die daelikse wandel mis as 'n sombere maar tog interessante figuur.

R.I.P.

## *HELDEDAGUITGAWE*

Die volgende uitgawe van *Die Matie* sal op Vrydag, 6 Oktober, verskyn — 'n spesiale Heldedaguitgawe. Sorg definitief dat u 'n eksemplaar van die Heldedaguitgawe in die hande kry.

## STUDENTEWAG BEGELEI GENL. SMITH.

'n Besondere eer het die plaaslike studente-wagafdeling te beurt geval toe hulle die voorreg gehad het om die Adjunk-Kommandant-Generaal van die O.B., gen. J. A. Smith, te begelei na die verhoog by geleentheid van die O.B.-sametrek te Paarl op 19de September.

Die gebrek aan vervoerfasiliteite kon hierdie geesdriftige Afrikaners nie stuit nie — hulle het per fiets opgetrek.

## *KORRELS EN KAF*

Na die skitterende sukses wat die toneelgeselskap van Pierre de Wet veertien dae gelede behaal het met die opvoering van „Die Goeie oue Tyd," kan ons alleen met belangstelling en entoesiasme uitsien na die opvoering van „Korrels en Kaf" vanaand in die Rek.-saal. Die opvoering bestaan uit 'n uitgesoekte program spesiaal vir die toneelliefhebber, en na ons verneem betree die geselskap met die opvoering 'n heeltemal nuwe terrein op die gebied van die toneelkuns.

Die spelers, Pierre de Wet, Anna Neethling-Pohl, Paula Styger, Gert van den Berg en Jan Cronje verg geen verdere voorstelling nie.

## VOLKSPELEDAG WEER OP 2 OKTOBER

Die organisering van 'n groot volkspeledag waaraan al die volkspelelaers van die Westelike Provinsie deelneem, het nou reeds 'n jaarlikse instelling geword. Wienersdag word altyd hiervoor uitgesoek en Coetzenburg met die pragtige omgewing bied die ideale oord.

Vanjaar sal geen uitsondering op die reël bring nie en op Maandag, 2 Oktober, sal draaiende en swaaiende jongmense (so hier en daar iemand wat nou nie juis 'n jongmens is nie, maar van wie die gees nog jonk genoeg is om deel te neem), die dames in veelkleurige Voortrekkerrokke, die mans in wit, weer die groen van die Coetzenburgvelde versier. Daar word verwag dat laers uit alle dorpe van die Westelike Provinsie sal deelneem.

Die Volkspeledag word gehou onder die beskerming van die plaaslike R.D.B.-tak.


**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS.**



## *WEET U?*

**U weet seker hoe swaar dit soms is om geldjies te kry vir die ditjies en datjies?**

Sorg dat u toekoms nie, ná 'n suksesvolle Universiteitsloopbaan, deur gebrek aan geldelike vermoë belemmer word nie. Jong professionele manne en vroue weet dat hulle sal miskien lank moet wag voordat hulle 'n winsgewende betrekking sal kan opbou. Dokters of prokureurs moet 'n praktyk of vennootskap koop. Die maklikste en beste manier om u planne te bewerkstellig is om nou te spaar en u besparings in UNIE-LENINGSERTIFIKATE te belê.

**Koop hulle deur middel van Negepennie Spaarseëls, of vir kontant, by enige Poskantoor.**


## Onder Onsies

Die eerste- en tweedejaars van Huis-de-Villiers het verlede Maandagoggend, toe die res van die huis nog geslaap het, 'n aangename „maanligpiekniek" gehou. Ook die primaria en onder-primaria was teenwoordig en moes die eerstejaars gelukwens met hul uiters geslaagde funksie by geleentheid van hul inlywing as Juniors vir 1945. Eetgoed was volop en 'n paar mooi items is gelewer deur beide die nuwe Juniors en die nuwe Seniors.

* * *

Mnr Koekjan de Villiers, bekende kaptein van die „Tirds," wat veertien dae gelede in 'n wedstryd teen Groote Schuur beseer is en 'n week in die bed moes bly is nou weer op die been (of liewer op die krukke).

* * *

Mnr. Jan van Pletzen wat 'n tydjie gelede 'n ernstige operasie as gevolg van 'n gebarste blindederm ondergaan het, is weer herstel en kan reeds vir die afgelope week sy klasse bywoon.

* * *

Verlede Woensdagmiddag het die tokkelokke en die aspirant tokkelokke (die admisiemanne) kragte gemeet op die voetbalveld. Hulle is geweeg en gelyk bevind — die telling was gelykop, 3—3.

* * *

Mej. Martina Roos van Huis-ten-Bosch, voorsitster van die damesstudente-vereniging en kommandante van die O.B.-damesstudentekommando, het verlede Dinsdag haar verjaardag gevier.

* * *

Mej. Trude Knacke van Huis-de-Villiers het ook verlede Dinsdag haar verjaardag gevier.

* * *

Mej. Lenie Roos sal vroeg in die vakansie vir 'n mangeloperasie gaan na Monte Rosa--hospitaal. Ons wens jou alle voorspoed Lenie!

* * *

George (Okkie) Maas het verlede week die swaargewig-stoeikampioenskap van die W.P. verower. Andries van der Merwe, Jooste en Das de Wet het almal die eindronde in hulle afdelings bereik.

* * *

TOTSIENS! Nou eers totsiens tot volgende kwartaal. „Die Matie" wens u almal 'n baie aangename vakansie toe — 'n goeie rustydjie voor die groot finale stormloop van die jaar. Ons hoop u sal genoeg energie en krag bymekaarskraap vir die laaste skof wat voorlê.


**G. E. HENDRIKSZ**
se viswinkel vir
VARS GEBAKTE VIS,
AARTAPPELREPIES,
SOUTVIS en KIPPERS.



Alleen Pakke Klere met die HAND GEMAAK kan u die
ONDERSKEIDING
gee waarna u nog altyd verlang. Klere van aansien—klere wat 'n genot is om te dra, en klere wat 'n man die lekker gevoel en bewustheid gee dat sy klere GOED PAS — DIT is die klere wat gemaak word deur

**Jac. J. du Toit en Kie.**

Ons voorraad stowwe sluit 'n groot keuse in — die nuutste kleure en patrone is uniek in ontwerp.
Ons spesialiseer in Aand- en Manelpakke en Togas vir Predikante.
Ook is ons die Offisiële Agente vir die UNIVERSITEITSKLEURE.
Moenie uitstel nie! — Raadpleeg ons eers!

**Jac. J. du Toit en Kie.**
Pleinstraat, STELLENBOSCH.



**Suikerbossie Melksalon**

Se Bediening is Uitstekend,
Ontmoet Jul Vriende Hier
Om 'n Lekker Koppie Koffie.

•

Ons pas geopende
**BILJARTKAMER**
(5 tafels) is die mooiste en netjieste in die W.P.



**Foon 94**
**Santy se Bottelstoor**

*En probeer ons groot verskeidenheid Soetwyne en keurige Aptyt-drankies.*



„FLORA"
vir
BLOMME, KRANSE,
SKOUERRUIKERTJIES, ens.
RECREATIONSGEBOU, PLEINSTR.



**Die C.S.V.-BOEKHANDEL**

kan u naas u *Voorgeskrewe Boeke* en Skryfbehoeftes ook voorsien met *Leerartikels* van alle soorte.

•

*Groot verskeidenheid van Afdrukke van Skilderye* en ander prente ook in voorraad.

•

**Die C.S.V. - Boekhandel**



# Rook Springbok-Sigarette

# Sportmanne In Die Nuus

## Ver- en Hoogspring

Hierdie week begin ek met die veldnommers en sal in die loop van die artikels behandel die verspring, hoogspring, paalspring, gewigstoot, hamergooi, diskus en spiesgooi.

Die oorgrote meerderheid van uitblinkers in die verspring is lang kêrels met sterk beenspiere . Ook moet elke aspirant-verspringer 'n groot mate van naelloop-bekwaamheid en veerkragtigheid besit. Daar is maar min atlete wat met albei gawes bedeeld is. **Jesse Owens** is een van hierdie atlete. Op die Spele van 1936 in Berlyn het Owens die wêreldrekord op 26 vt. 8¼ dm. te staan gebring — 'n byna ongelooflike afstand.

Op die Olimpiade van 1896 te Athene, het Clark, 'n Amerikaner, die verspring met 'n sprong van 20vt. 9¾ dm. gewen. Daarna het die V.S.A., behalwe in 1920 in Antwerpen toe 'n Sweed eerste was, nog altyd die titel gebuit op Olimpiese byeenkomste.

Die S.A.-rekord in die nommer word deur J. H. Viljoen (Snaar), wat ook 'n beroemde hekkiesloper was, gehou op 24 vt. 7½ dm. Hy het die prestasie so lang gelede as 1929 in Bloemfontein behaal. Viljoen het met 'n pragtige sprong begin wat blykbaar buitengewoon was. Toe dit gemeet word is die afstand as 24 4vt. 8 dm. aangegee. Die maatband was egter van linne en die sprong kon nie aangeneem word vir rekorddoeleindes nie. 'n Staalband is toe ontbied en tot die toeskouers se verbasing was Viljoen se tweede sprong amper net so ver as sy eerste 24 vt. 7½ dm. Dit het die ou rekord van Sid. Atkinson (snaaks genoeg ook 'n beroemde hekkiesloper) met ses duim geslaan. Atkinson het met die geleentheid self as skeidsregter opgetree.

Hoogspringers en paalspringers moet ekspert gimnaste wees as hulle enige noemenswaardige sukses wil behaal. Ek dink in hierdie geval aan ons eie baas hoog- en paalspringer van 'n paar jaar gelede, **Barend Blommaert.** Blommaert, wat op die oomblik die houer van die Universiteitsrekord, die Dalrymple en die W.P.-rekord vir paalspring asook die Universiteitsrekord in die hoogspring is, was 'n student in liggaamsopvoeding en het daagliks aan gimnastiekoefeninge deelgeneem.

Die ideale hoogspringer moet lang bene met baie veerkrag besit en ongeveer 165 pond weeg. Daar is verskillende style wat atlete volg, dog dit word algemeen aangeneem dat die skêr-sprong baie ontoereikend is. Die populêrste onder die groot kampioene is die Westerse Rol. **Johnson en Albritton**, die twee negers wat die wêreldrekord in 1936 op 6 vt. 9¾ dm. gestel het maak gebruik van laasgenoemde styl. **Les** Steers het egter in Junie 1941 in Los Angeles 6 vt. 11 dm. behaal wat amptelik nog nie as rekord erken is nie. Steers maak gebruik van die sg. „Belly Roll."

Die S.A.-rekord word gehou deur **Jimmy Lane**, 'n eertydse student aan Wits. Hy het die syfer in 1939 in Johannesburg op 6 vt. 6¼ dm. gestel. Tog is **Edwin Thacker**, die Springbok, seker die beste atleet wat S.A. nog in die nommer opgelewer het. Thacker het Lane dikwels geklop en het gereeld 6 vt. 4 dm. behaal.

Daar is al dikwels vertel van 'n negerstam in Sentraal-Afrika, die Watussi ,wat so geweldig hoog kan spring. Een sportskrywer het 'n paar jaar gelede vertel hoe hy gesien het dat hulle sommer kaalvoet maklik hoër as ses voet haal. Toe hy sy verbasing aan die administrateur van die gebied meegedeel het ,moes hy die kalme opmerking hoor dat daar egter naturelle in die Belgiese mandaatgebied is wat maklik met die kaalvoet 6 vt. 6 dm. oor die dwarsbalk kan seil. Daar is ten minste drie of vier van hulle. (J. D. S.).

## NETBAL

Die laaste wedstryd van die seisoen is verlede Vrydag teen die dosente van die Universiteit afgespeel. Dit was 'n besonder belangrike bekerwedstryd . Die uitslag was dat aan dr. Erica Theron, die kaptein van die dosente-span, die beker oorhandig is.

Die ander wedstryde van die seisoen — teen O.K.P., W.O.K., Denne-oord en H.H.P. — was almal suksesvol veral vir die 1ste span, wat vir nog 'n jaar die Westelike Provinsie netbalbeker in hul besit kan hou.

As afsluiting van die netbal-seisoen is 'n aangename piekniek in Jonkershoek gehou waar die nuwe bestuur vir 1945 gekies is, nl. mejj. Chrissie Malan (kaptein), Stella du Preez (sekretaresse), B. Kamfer, N. van Wyk, H. Hanekom, E. Gerdener, en S. Hugo . Die sekretaresse en bestuur van hierdie jaar wens al die spelers wat Stellenbosch aan die einde van die jaar verlaat alles van die beste toe, en sê dankie vir die lekker saamspeel.

# Maties Verower Kampioenskap Na Sewe Jaar

Matieland was verlede Saterdagaand in feestelike stemming, want eindelik het die rugbylouere weer Stellenbosch-toe gekom. Tuine wat Saterdag weer getoon het wat hul kan doen wanneer hulle vir George van Reenen in hulle span het, het Groote Schuur in 'n pragtige wedstryd op Liesbeekpark geklop, en sodoende die mantel wat die gode waarskynlik vir Apies bedoel het op die Maties laat val.

Onder presies dieselfde omstandighede het die Stellenbossers in 1937 die kampioenskap verower. Villagers was een punt voor die Maties, dog Somerset-Wes het in die laaste wedstryd van die seisoen korte mette met die stedelinge in die Strand gemaak ,terwyl die Rooijersies op Nuwelande die oorwinning oor Paarl behaal het en daarmee die kampioenskap.

Die Maties dank egter nie hulle sukses aan Tuine alleen nie, want hulle het na 'n tydelike verslapping, toe menige vurige ondersteuner bietjie mismoedig begin word het ,pragtig reggeruk en die een vesting na die ander verower . Deur die rugbyreuse Tuine op ondubbelsinnige wyse met 9—3 te verslaan na vyf jaar, het die Maties 'n verdienstelike stukkie werk op hulle kerfstok geplaas. Daarna het hulle vir die derde keer uit vier wedstryde wat tot dusver teen Groote Schuur afgespeel is, gelykop gespeel in 'n wedstryd waar die Maties veral uitgemunt het wat hulle voorspel betref. En verlede Saterdag uiteindelik is alle pogings finaal met sukses bekroon, toe hulle Liesbeekpark onder stof geloop het op Coetzenburg ,terwyl Tuine in die stad besig was om 'n handjie by te sit.

Die sportredaksie wil namens die hele studentegemeenskap ons hartlikste gelukwense oordra aan die eerstespan wat hulle Alma Mater so roemryk verteenwoordig het. Waar in die verlede kritiek uitgeoefen is, is dit uitgemeet suiwer in 'n gees van aanmoediging tot beter spel, want gedurige lofredes het al te dikwels in die verlede die ondergang van 'n span beteken.

Aan Peet van der Walt wat ten spyte van die menigvuldige pligte wat 'n onderwyspos en die getroude lewe meebring, tog getoon het dat sy siel in die klub was, en onder wie se leiding die Maties hulle krag op die rugbyveld weer opnuut sowel in die Noorde as in die Suide getoon het, kom 'n besondere woord van dank en gelukwense toe.

Dan ook ons gelukwense aan die kranige O. 19 A-span wat onder aanvoering van James Ogelthorpe onoorwonne deur die kompetisie gegaan het. Die O. 19 B vul ook 'n eervolle tweede plek op die puntelys. As die klub se juniorspelers so presteer, weet ons dit is wel met die toekoms van sy senior-rugbyspanne. Die ander spanne in die tweede- en derde-liga-kompetisie het ook baie na aan bo uitgekom. Veral het die derde-span so hitte-te die kampioenskap gebuit.

## SEK. 14 WEN DAGBREEK-KOMPETISIE

'n Tyd gelede is hier berig dat die interseksie rugbykompetisie van Dagbreek nou op 'n vaste grondslag plaasvind. Dinge het in die tussentyd egter nie doodgeloop nie — die een offensief na die ander is geloods en die verskillende seksies van Dagbreek het hulle magte gemonster. Party het vroegtydig 'n „strategiese" aftog geblaas en twee punte in die slag gelaat sodat eindelik net vier seksies in die halfeindronde oorgebly het. Ou Tonie en sy strydrosse van Seksie 14 het hulle pad oopgespook na die finaal in 'n harde wedstryd teen 10. Op 'n ander goeie middag het Loot Lemmer cum suis van 18 hulle lem geslyp op 9, dog die steen was nie ge-olie nie, en hulle het misgeslyp.

Verlede Maandag het 14 en 9 toe sommer so ewesito-sito aanmekaar gespring in die Grand Finale, en sake van 'n kant af uitgespook. Nadat Seksie 9 alreeds die silwer letters op die Seksie-Veertien-Interseksie-Voetbalbeker in hulle verbeelding gelees het, het Norval Louw hulle in die laaste sekond van die wedstryd uit die illusie gehelp deur 'n pragtige skepskop oor te Osler, (4—3). Geluk of nie geluk nie.... Veertien het uit die stryd getree as die rugbykampioene van die grootste koshuis in die Suidelike Halfrond vir die jaar 1944.


*Vir die maak van u volgende*
○ Paar Sandale
○ Stewels
○ Skoene
BESOEK
**LUBBE**
*die deskundige skoenmaker en repareerder*
Foon 440

HENDRIKSZ
die slagter, spesialiseer in
WORS en VLEIS
vir
BRAAIVLEISAANDE.
Andringastraat, Stellenbosch.

**Alfred Blommaert,**
(Foon 48 en 176)
Kerkstraat,
STELLENBOSCH.
KRUIDENIERSWARE
- - YSTERWARE - -
- - PRODUKTE - -
Die Winkel vir billike en spoedige bediening.

SPORTSHEMDE
*VIR DIE VAKANSIE.*
Sien ons uitstalling van MONATIC, AMBASSADOR, CLUB & VALLER Sportshemde in verskeie kleure.
Ook net uitgepak Mans *Amerikaanse* Hemde. Sagte boordjies in effekleure,—Lang moue. Ook 'n groot verskeidenheid kort khaki broekies, lang khaki kouse, net die drag vir Toer, of vir die Plaas.
**Gebrs. de Wet (Eiens.) Bpk.**
STELLENBOSCH
Foon 20 Posbus 21

*MATIES!!!*
**DE CLERK**
DIE DROOGSKOONMAKER
GOEIE VINNIGE DIENSTE.
Birdstraat 79, — Stellenbosch.

Vir BLAKENDE GESONDHEID drink HEERLIKE
KWV
DRUIWESAP
*Onthou! K.W.V.-Eau de Cologne is 'n besonder aangename en welriekende parfuum*